GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Wat gebeur as ons geloof het?

Opening

Ons gaan hierdie kwartaal stilstaan by wat geloof is en wat geloof doen. Hoe sal jy jou geloof beskryf?

_____

_____

Inleiding

Ons almal wil graag deur geloof leef maar is dit regtig so eenvoudig? Geloof vind tog nie in die gemaksone van ons lewe plaas nie maar daar waar ons ongemaklik is. Ons groei wanneer dit dus ongemaklik is. Wat dink julle van hierdie stelling?

_____

_____

Lees Hebreërs 11:6 en deel met mekaar oor wat dit vir jou beteken.

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Geloof sou beteken dat ons dinge begin sien uit Sy perspektief. *"Faith is seeing from God's point of view."*

Daar is ook `n paar dinge wat geloof nie is nie. Kyk na hierdie paar voorbeelde van wat geloof nie is nie en bespreek dit.

- Dit is nie `n begeerte nie
- Dit is ook nie om voor te gee iets is waar wat nie waar is nie
- Dit is ook nie `n gevoel nie
- Dit is ook nie om met God te probeer onderhandel (bargain) nie.

KOM ONS LEES

In Numeri 14 en 15 lees ons die verhaal van die 12 spioene wat na die beleefde land gaan kyk het. Hulle kom dan terug met verskillende opinies. Die verskil in hulle opinies gaan hoofsaaklik oor hoe hulle na die saak kyk. Dieselfde is vir ons waar. Ons kan of na die lewe kyk met **oë van vrees** of met **oë van geloof**.

Filippense 13:26-14:10

Wat was die argumente van die ouens wat wou gaan en klink dit bekend vir ons ook vandag?

_____

_____

Wat was die argumente van die ouens wat nie wou gaan nie en klink dit vir julle bekend?

_____

_____

Wanneer ons met vrees na ons lewe kyk dan doen ons die volgende:

- Ons oordryf ons probleme
- Ons onderskat ons eie vermoë
- Ons word moedeloos
- Ons begin om te tob oor ons lewe
- Ons gee op en blameer God

_____

_____

Die Skrif is vol voorbeelde van mense wat gekies het om met geloof na die lewe te kyk eerder as om met vrees te kyk. Kan julle `n paar sulke voorbeelde noem?

_____

_____

Wanneer ons met geloof na die lewe kyk dan gebeur die volgende:

- Geloof laat my probleme krimp
- Geloof maak deure vir wonderwerke oop
- Geloof beweeg God om namens my op te tree

- Geloof sluit God se beloftes oop
- Geloof draai God-gegewe drome in realiteit om
- Geloof gee ons krag om vas te byt in moeilike tye

_____
_____

_____
_____

Slot

Ons dink dikwels dat ons God beweeg deur ons klaery en ons bekommernisse. God word nie daardeur geraak nie. Dit is geloof wat Hom nader bring na ons. <u>Hoe voel julle oor hierdie stelling?</u>

Amen...